**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. A294/2003

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **LUCAS BHUQUMUZI MGOBHOZI** | Appellant |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

**CORAM:** **MALHERBE R.P. et VAN COPPENHAGEN R.**

---

**AANGEHOOR OP:** **24 MEI 2004**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **MALHERBE R.P.**

---

**GELEWER OP:** **27 MEI 2004**

---

Appellant is ‘n 46-jarige eerste oortreder wat in die Streekhof te Bethlehem skuldig bevind is aan moord en gevonnis is tot 15 jaar gevangenisstraf. Hierdie appèl is gerig teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

Die oorledene is dood as gevolg van ‘n enkele steekwond aan die linkerkant van die nek. Die lykskouingsverslag wat by ooreenkoms ingehandig is as Bewysstuk “A” beskryf hierdie wond as

> "net langs die gorrelpyp, 3 cm lank en 0,5 cm breed, skerp randte, pas in by meswond, traktus afwaarts en na binne ...... interne carotis arterie 1 x 2 cm – oopgesny ..... massiewe bloeding .... geen ander tekens van struweling nie ook nie "keer" beserings op hande en arms nie."

Appellant het onskuldig gepleit en sy verweer is soos volg deur sy prokureur op rekord geplaas:

> "....... on the day in question the deceased wanted to stab him and in fact he was defending himself and he held the deceased's hand which was carrying the knife and in the struggle the deceased was injured."

Dit is gemeensaak dat die Staatsgetuie Nora Zuma voor die voorval 'n saamleef-verhouding met appellant gehad het. Sy getuig dat die verhouding ongeveer 4 maande voor die voorval beëindig is en dat sy ten tyde van die voorval 'n saamleef-verhouding met die oorledene gehad het. Appellant daarenteen, getuig dat sy verhouding met Nora ten tyde van die voorval nog steeds bestaan het.

Appellant betwis nie dat hy die betrokke môre by Nora se huis opgedaag het terwyl sy nie daar was nie. Hy getuig dat hy die oorledene en nog 'n manspersoon in die huis aangetref het. (Dit is gemeensaak dat hierdie

ander persoon die oorledene se broer, Elias, is.) Elias getuig dat appellant vir oorledene eerstens met 'n baksteen raakgegooi het, daarna 'n mes uitgehaal het en oorledene daarmee in die nek gesteek het. Appellant se weergawe is dat hy gladnie 'n mes by hom gehad het nie; dat appellant hom met 'n mes in die regterhand genader het en gepoog het om hom daarmee te steek; dat hy oorledene se regterhand vasgegryp het en dat hulle oor die besit van die mes gestoei het. Elias het 'n baksteen na hom gegooi maar oorledene daarmee getref. Hy vervolg soos volg in sy hoofgetuienis:

> "The gentleman then hit me with the brick on my waist. Whilst I was still struggling with this guy, he then hit me with a clenched fist. I left the gentleman that we grabbed each other with and then concentrated on the one who have been hitting me with a clenched fist and the brick. He was pushing me into the bedroom. I grabbed the other gentleman, we grabbed each other and the other one who had a knife, when he tried to come to me, the knife then fell onto the ground. I put my foot on that knife, he tried to grab the knife, I picked it up. The gentleman, when he saw the knife in my possession, he ran away. At that stage I got the opportunity to run away, and outside that is when I realised that my hands were full of blood.

MR MOSELANE : And did you see whether the deceased was injured at that time? --- No, I did not.

And what happened to the knife which you picked from the floor? --- I left that knife there with the two bricks.

Then after you left the knife, where did you go to? --- I ran away.
Why did you ran away? --- I was under the impression that the wife would come again with other people to come and kill me there in the house since I already found two people in the house who tried to kill me.

Sir, at the time you were struggling with the deceased for the knife, did you stab the deceased with the knife? --- I did not see when he sustained the injury. The only thing that happened there that I saw was whilst we were struggling for that knife.

Then how did the deceased got injured? --- I do not know."

Die buurvrou van die huis waar die voorval plaasgevind het, Augustina Mofokeng, wat deur die Landdros as 'n uitstekende getuie beskryf word, getuig dat sy die betrokke oggend gesien het dat appellant Nora se huis verlaat met 'n mes in sy hand en dat hy die mes met 'n stuk toiletpapier skoonmaak. Sy was ongeveer 7 meter van appellant af toe sy hierdie waarneming maak.

Die Landdros het beide Elias en Augustina se weergawes aanvaar. Hy het appellant se weergawe as "'n klomp snert" verwerp, veral omdat appellant se demonstrasie van hoe oorledene beseer is, nie versoenbaar is met die lykskouingsbevindings nie wat hierbo aangehaal is. Ek kan nie met hierdie bevinding fout vind nie. Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

Die opgelegde vonnis is die voorgeskrewe minimum vonnis ingevolge artikel 51(2)(a) van die Strafregwysigingswet (Wet Nr.105 van 1997). Ek kan ook geen fout vind met die Landdros se bevinding dat hier geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig nie. Die getuienis regverdig die Landdros se bevinding dat appellant

> "met direkte opset opgeree het omdat hy ongelukkig was met die feit dat hierdie vorige meisie van hom 'n nuwe man in haar lewe ontvang het."

Net voor hierdie passasie sê die Landdros dat hy oortuig is

> "dat hierdie 'n beplande moord was."

Indien hy met hierdie bevinding bedoel het dat die moord

> "beplan of met voorbedagte rade gepleeg is"

soos bedoel in Deel 1 van Bylae 2 van die Strafregwysigingswet (*supra*) moes hy ingevolge artikel 52(1) die verrigtinge gestaak het en die beskuldigde vir vonnis verwys het na die Hooggeregshof. Nieteenstaande sy aangehaalde woordgebruik, het hy klaarblyklik geoordeel dat Deel 2 van Bylae 2 van toepassing is en het hy voortgegaan om appellant te vonnis ingevolge artikel 51(2)(a) van die Wet. Moontlik is appellant gelukkig. Dit is egter nie nodig om verder hieroor te bespiegel nie en kan die aangeleentheid afgehandel word.

Gevolglik misluk die appèl en word beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

__________________________

**J.P. MALHERBE R.P.**

**EK STEM SAAM**

__________________________________

**G. VAN COPPENHAGEN R**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Adv. H.C. Edeling<br>i.o.v.<br>Regshulpraad<br>Bloemfontein |
| **Namens Respondent:** | Adv. N.J. Keulder<br>i.o.v.<br>Direkteur: Openbare Vervolgings<br>Bloemfontein |

/scd